Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

26 Junie 2022

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds. Piet Venter

Die Doop word vanoggend bedien aan twee verbondskinders:

- Andries en Chantelle de Klerk se seuntjie Xayden en
- Reitz en Muschka Esterhuizen se seuntjie RD.

Ons is saam met julle baie dankbaar vir die Here se verbond met julle kinders.
Baie welkom aan familie en vriende wat vandag hier saam met ons aanbid.

Hebreërsreeks - preek 14

Na die vorige preek uit Heb 12: 1 - 3 waarin ons die boodskap van die Here met die metafoor van die Comrades-marathon vergelyk het, het iemand vir my gesê: “Ds. Piet, ek is tans besig om ‘Polly Shorts’ uit te hardloop!” Daardie lang en uitputtende opdraende wat menige atlete se moed breek.

Hoekom is daar dan sulke lang en uitmergelende opdraendes van beproewing en swaarkry in ons lewe? Die skrywer van die Hebreërpreek gaan dadelik in Heb. 12: 4 - 12 voort om hierdie vraag te beantwoord. Dit is ‘n antwoord van bemoediging en troos.

Tema: Hoekom Here? Omdat Ek jou liefhet en jou as my kind wil leer. Byt vas, dit is die swaarkry werd.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 464: 1, 3 en Lied 203: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 525: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 146 - 1: 1, 3, 6; Geloofsbelydenis: Sondag 1 en sing Lied 292: 1

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Deut. 6: 1 - 9 en 20 - 25; Sing
Ps. 119 - 2: 10 ,11; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Doopformulier; Sing na die doop:
Ps. 105 - 1: 5;
Skriflesing: Hebreërs 12: 4 - 13; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Sing Lied 588: 1, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

GEEN AANDEREDIENSTE VIR 3 WEKE

Lidmate moet kennis neem dat daar vir die duur van die skoolreses geen aanddienste sal wees nie.

MEELEWING

- Douw Grobler ondergaan Dinsdag ‘n operasie in Klerksdorp om ‘n hartpasaangeër te ontvang nadat toetse getoon het dat sy hartfunksie verswak het.
- Br Corrie du Plessis is met pankreaskanker gediagnoseer en sal ‘n lang reeks van chemoterapie moet ondergaan om die kanker te beveg.
- Renier Lourens sterk nog aan in Medikliniek se saal C.
- Oom Isak van der Walt is steeds in Medikliniek en is baie swak en siek.
- Kinnie Yssel het toetse in Pretoria ondergaan wat aangetoon het dat haar hartfunksie baie verswak het en ‘n aanpassing is aan haar hartpasaangeër gemaak.
- Estette Bredenkamp was in die hospitaal in Die Wilgeheuwelhospitaal, Roodepoort, opgeneem om pynbehandelings te ontvang en sterk tuis aan.
- Engela van Rooyen is in Medikliniek opgeneem met longontsteking en Covid.
- Sonja Booyens se pa is baie siek en verswak en word in Medikliniek versorg.
- Thys Kruger se moeder is oorlede en is Vrydag begrawe.
- Marie Oosthuizen hoef nie ‘n operasie te ondergaan vir die kanker wat by haar gediagnoseer is nie, maar sal wel chemoterapie en hormoonterapie ondergaan om die kanker te beveg.
- Ons is baie dankbaar saam met Charlene Sharpley en haar familie dat daar goeie nuus is oor Nico se herstelpad. Alhoewel dit nog baie lank sal neem, is daar hoop!

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee en Bettie Niemand.

BAIE GELUK AAN

- Kobus Venter met die toekenning van sy M Mus-graad in Musiek en
- Barend van der Westhuizen met die toekenning van sy M Div-graad in teologie.

Beide van hulle met onderskeiding.

ONS GROET

- Jacques en Elsabé Labuschagne wat met attestaat vertrek het na GK Rustenburg-Wes. Ons wens hulle alles wat mooi is toe.
- Louis, Tilla, Hannah en Lula Botha wat met bewys van lidmaatskap vertrek na NG Kerk Grimbeekpark.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag

09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Geen kleuterbediening
Geen katkisasie

Geen aanddiens

Dinsdag
Geen Manne- ondersteuningsgroep tot na skoolreses
"Griefshare" - ds Piet se groep hervat weer na die skoolreses

Donderdag
17:15 "Griefshare"- Carina

NAME VIR GOEDKEURING VIR DIENS VAN OUDERLING

Die kerkraad hou graag die name van brs Walter Plotz en Jacque du Plessis aan die gemeente voor vir die dienswerk van ouderling.

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar en klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure weer vir Teologiese studentebehuising.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 1 en 36.

OOSDOPPER-SELFIE-PROJEK

BAIE DANKIE aan al die lidmate wat hulle foto's ingestuur het en nou saam met hulle groeplede op die borde pryk. Daar is al heelwat Groepe wie se borde mooi voltallig is, maar daar is ook Groepe wie se borde nog lyk soos voor die skepping: WOES EN LEEG!

KOM, KOM! NEEM DAAI SELFIES EN STUUR IN - ONS WIL GRAAG AL ONS LIDMATE SE FOTO'S DAAR SIEN. Stuur jou foto's na Adele in die kerkkantoor of na ds Piet per WhatsApp of e-pos.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 26 Junie
Br Thys Kruger
Br Jurgen Schreck
Sr Lynette vd Walt

Maandag, 27 Junie
Br Arno Schutte
Br Thomas vd Berg

Donderdag, 30 Junie
Jsr Annelie v Vuuren

Vrydag, 1 Julie
Sr Joke Botha *
Br Hennie Heystek *
Jsr Anelia v Rooyen

Saterdag, 2 Julie
Jsr Annebe Bester
Br Rianco Rheeder
Br Frikkie v Zyl

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

GKSA-NUUS

Beroepe ontvang
- Ds MJ Erasmus (Thys) van GK Nelspruit na GK Pretoria-Magalieskruin.
- Ds GD Oosthuizen (Orrie) van GK Vaalharts na GK Bothaville.

Beroep aangeneem
- Ds HM Stavast (Herman) van GK Piet Retief na GK Wierdapark in Pretoria.

ALGEMENE SINODE 10 JANUARIE 2023

Die Deputate Algemene Sinode het die opdrag om Sinodes te reël en gevolglik die verantwoordelikheid dat alle sake m.b.t. die Sinode vlot sal verloop. Met die oog op Algemene Sinode 2023 versoek die deputate die volgende:

Keerdatum vir die Agenda: 30 Junie 2022. Vir hierdie keerdatum moet alle beskrywings-punte, deputaterapporte, beswaarskrifte en appèlle teen vorige Sinodebesluite ingehandig wees. Beskrywingspunte, beswaarskrifte en appèlle kry sedert Sinode 2018 genoegsaam tyd om die kerklike pad te loop om betyds vir inhandiging gereed te wees. Stukke wat na die keerdatum ontvang word, sal nie in die Agenda gepubliseer word nie.

KERKBLAD

Die Kerkblad is in die voorportaal van die Skuur beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

KENNISGEWINGBORD

- GK Kameeldrif Damesoggend
- Uitnodiging na vrouedag: NG Die Bult
- GK Cachet - benodig sitkamerstel

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

Susters: Elektroniese inbetalings

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 9, Corné Geyer en groep 17, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

BLIKKIES-WARMHARTE EN SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

"A baby is as pure as an angel and as fresh as a blooming flower" – D Mridha

Pienkvoet 4D Sonars

BELEEF JOU ONGEBORE BABA
IN 4 DIMENSIES

Maak 'n afspraak tussen
28 en 32 weke
Whatsapp of sms
071 423 4270

Wat 'n voorreg om, saam met ouers, na een van God se grootste wonderwerke te kan kyk, terwyl hul nog totaal beskermd in hul eie wonderwêreld verkeer.
– Monica